- In kombinasie met die medisyne, rituksimab, siklofosfamied, doksorubisien en prednisoon, by pasiënte wie se siekte nie voorheen behandel is nie en vir wie bloed-stamseloorplanting nie geskik is nie.

## 2. Wat jy moet weet voordat BOTIGEN 3,5 aan jou toegedien word

**BOTIGEN 3,5 moenie aan jou toegedien word nie:**

- Indien jy hipersensitief (allergies) is vir bortesomib of vir enige van die ander bestanddele van BOTIGEN 3,5.
- Indien jy hipersensitief (allergies) is vir mannitol of boor.
- Indien jy sekere ernstige long- of hartprobleme het.

**Waarskuwings en voorsorgmaatreëls**

**Lig jou dokter of gesondheidsorgverskaffer in voordat die inspuiting aan jou toegedien word as jy die volgende het:**

- ernstige long-, lewer- of hartprobleme.
- lae telling van rooibloedselle, plaatjies of witbloedselle, aangesien hierdie kan vererger tydens behandeling
- bloedingsprobleme en/of lae telling van plaatjies in jou bloed
- diarree, hardlywigheid, naarheid of braking, aangesien dit kan vererger tydens behandeling
- ‘n geskiedenis van floute, duiseligheid of lighoofdigheid in die verlede gehad het
- nierprobleme
- lewerprobleme
- gevoelloosheid, tinteling of pyn in die hande of voete (neuropatie) in die verlede ervaar het, aangesien dit tydens behandeling kan vererger
- hart- of bloeddrukprobleme
- amiloïedose (as gevolg van abnormale neerslag van amiloïed (‘n proteïen) in verskeie weefsel in die liggaam)
- kortasemigheid of hoes

- toevalle
- gordelroos (gelokaliseerd, insluitend rondom die oë of versprei oor die hele liggaam)
- simptome van tumorlise-sindroom soos spierkrampe, spierswakheid, verwarring, visuele verlies of versteurings en kortasemigheid
- geheueverlies, sukkel om te dink, sukkel om te loop of verlies van visie. Hierdie kan tekens wees van ‘n ernstige breininfeksie en jou dokter kan verdere toetsing en opvolg voorstel.
- mantelsel-limfoom en as die middel rituksimab saam met **BOTIGEN 3,5** gegee word, moet jy jou dokter inlig.
- as jy vermoed dat jy nou hepatitis-B-infeksie het of in die verlede gehad het. In ‘n paar gevalle mag pasiënte wat hepatitis-B gehad ‘n hehaalde aanval van hepatitis kry wat noodlottig kan wees. Indien jy ‘n geskiedenis van hepatitis-B-infeksie het, sal jy noukeurig deur jou dokter dopgehou word vir tekens van aktiewe hepatitis-B.

**Kinders en adolessente**

**BOTIGEN 3,5** is nie in kinders of adolessente bestudeer nie en moet daarom nie by hierdie pasiëntpopulasie gebruik word nie.

**Ander medisyne en BOTIGEN 3,5**

Lig jou gesondheidsorgverskaffer altyd in indien jy enige ander medisyne neem. (Dit sluit komplementêre of tradisionele medisyne in.)

Lig jou dokter in as jy medisyne gebruik wat enige van die volgende aktiewe bestanddele bevat:

- Ketokonasool – gebruik om swaminfeksie te behandel;
- Ritonavir – gebruik om MIV-infeksie te behandel;

- Rifampisien, ‘n antibiotikum wat gebruik word om bakteriële infeksie te behandel;
- Karbamasepien, fenitoïen of fenobarbitoon – gebruik om epilepsie te behandel;
- Johanneskruid (*Hypericum perforatum*) – gebruik vir depressie of ander toestande;
- Orale antidiabetiese middels;

**BOTIGEN 3,5 saam met voedsel of drinkgoed**

Verwys na afdeling 3 (Hoe BOTIGEN 3,5 toegedien word).

**Swangerskap en borsvoeding**

Hierdie medisyne kan ‘n baba, wat in die baarmoeder ontwikkel, skade aandoen. Dit is belangrik om nie swanger te raak of ‘n vader te wees vir ‘n kind terwyl jy onder behandeling met hierdie medisyne is en vir 3 maande daarna nie. Indien jy swanger is, vermoed dat jy swanger mag wees of as jy beplan om swanger te raak, moet jy asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer raadpleeg vir advies voordat hierdie medisyne aan jou toegedien word.

**BOTIGEN 3,5** moenie gebruik word as jy swanger is of jou baba borsvoed nie.
Jy moet seker maak dat jy nie swanger raak terwyl jy **BOTIGEN 3,5** ontvang nie**.** Beide mans en vroue moet verseker dat hulle voldoende geboortebeperkingsmaatreëls toepas terwyl hulle **BOTIGEN 3,5** ontvang, en vir 3 maande ná behandeling.

Indien jy swanger raak of jou baba borsvoed terwyl jy **BOTIGEN 3,5** ontvang, moet jy asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer raadpleeg vir advies.

Indien jy graag borsvoeding wil hervat ná behandeling met **BOTIGEN 3,5**, moet jy dit met jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer bespreek. Hulle sal jou inlig wanneer dit veilig is om dit te doen.

**Bestuur en gebruik van masjinerie:**

Dit is nie altyd moontlik om te voorspel tot watter mate **BOTIGEN 3,5** met die daaglikse aktiwiteite van ‘n pasiënt sal inmeng nie. Pasiënte moet seker maak dat hulle nie betrokke raak in die bogenoemde aktiwiteite totdat hulle bewus is tot watter mate **BOTIGEN 3,5** hulle sal affekteer nie.

**BOTIGEN 3,5** kan lae bloeddruk, moegheid, duiseligheid, floute of belemmerde visie veroorsaak.

Moenie bestuur of apparaat of masjinerie hanteer as jy sulke newe-effekte ondervind nie; selfs as jy dit nie ondervind het nie, moet jy steeds versigtig wees.

**BOTIGEN 3,5 bevat mannitol (35 mg/5 mL)**

**BOTIGEN 3,5** bevat mannitol. As jy deur jou dokter ingelig is dat jy ‘n onverdraagsaamheid teenoor sekere suikers het, moet jy jou dokter raadpleeg voordat hierdie medisyne aan jou toegedien word.

**3. Hoe BOTIGEN 3,5 toegedien word**

Daar sal nie van jou verwag word om **BOTIGEN 3,5** aan jouself toe te dien nie. Dit sal aan jou toegedien word deur ‘n persoon wat gekwalifiseer is om dit te doen.

Die normale aanvangsdosis van **BOTIGEN 3,5** is 1,3 mg/m$^2$ liggaamsoppervlakte twee keer per week. Jou dokter sal jou dosis van **BOTIGEN 3,5** uitwerk volgens jou lengte en gewig (liggaamsoppervlakte).

Jy sal **BOTIGEN 3,5** in ‘n gespesialiseerde mediese eenheid onder die toesig van ‘n dokter ontvang wat ervare is in die gebruik van sitotoksiese medisyne.

**BOTIGEN 3,5** sal intraveneus (binne-in ‘n aar) of subkutaan (onder die vel) aan jou toegedien word. **BOTIGEN 3,5** poeier moet opgelos word voor toediening. Dit sal deur ‘n gesondheidsorgverskaffer gedoen word. Die gevolglike oplossing word dan óf binne-in ‘n aar óf onder die vel ingespuit. Inspuiting binne-in die aar is vinnig, dit neem ongeveer 3 tot 5 sekondes. Inspuiting onder die vel is óf in die dy óf die maag.

Jou dokter sal jou inlig oor hoe lank jou behandeling met **BOTIGEN 3,5** sal duur. Jou dokter mag die dosis en totale aantal behandelingsiklusse verander, afhangende van hoe jy op die behandeling gereageer het, op die voorkoms van sekere newe-effekte en op jou onderliggende siektetoestande (bv. lewerprobleme).

Progressiewe veelvuldige miëloom

Wanneer slegs **BOTIGEN 3,5** toegedien word, sal jy 4 dosisse **BOTIGEN 3,5** intraveneus ontvang op dag 1, 4, 8 en 11, gevolg deur ‘n 10-dag ‘rusperiode’ sonder behandeling. Hierdie 21-dag periode (3 weke) is gelyk aan een behandelingsiklus. Ten minste 72 uur moet verloop tussen opeenvolgende dosisse van **BOTIGEN 3,5**. Jy kan tot 8 siklusse ontvang (24 weke).

**BOTIGEN 3,5** kan ook saam met die medisyne, pegileerde liposomale doksorubisien of deksametasoon aan jou toegedien word.

Wanneer **BOTIGEN 3,5** saam met pegileerde liposomale doksorubisien toegedien word, sal jy **BOTIGEN 3,5** intraveneus ontvang as ‘n 21-dag behandelingsiklus en gepegileerde liposomale doksorubisien 30 mg/m$^2$ sal op dag 4 van die **BOTIGEN 3,5**, 21-dag

behandelingsiklus as ‘n intraveneuse infusie ná die **BOTIGEN 3,5** intraveneuse inspuiting toegedien word. Jy mag tot 8 siklusse ontvang (24 weke).

**Vooraf-onbehandelde veelvuldige miëloom**

Aan pasiënte met vooraf-onbehandelde veelvuldige miëloom kan **BOTIGEN 3,5** ook saam met die medisyne, melfalan en prednisoon, toegedien word.

Die behandelingsiklus in hierdie geval is 42 dae (6 weke). Jy sal 9 siklusse ontvang (54 weke).

- In siklusse 1 tot 4, word **BOTIZEN 3,5** twee keer per week toegedien op dag 1, 4, 8, 11, 22, 25, 29 en 32.
- In siklusse 5 tot 9, word **BOTIZEN 3,5** een keer per week toegedien op dag 1, 8, 22 en 29.

  Melfalan (9 mg/m$^2$) en prednisoon (60 mg/m$^2$) word albei oraal toegedien op dag 1, 2, 3 en 4 van die eerste week van elke siklus.

  Indien jy nie voorheen vir veelvuldige miëloom behandel is nie en jy geskik is vir bloed-stamseloorplanting, sal jy **BOTIGEN 3,5** intraveneus saam met die medisyne, deksametasoon of deksametasoon en talidomied, ontvang, as induksie-behandeling.

Wanneer **BOTIGEN 3,5** saam met deksametasoon toegedien word, sal jy **BOTIGEN 3,5** intraveneus as ‘n 21-dag behandelingsiklus ontvang en 40 mg deksametasoon sal oraal op dag 1, 2, 3, 4, 8, 9, 10 en 11 van die **BOTIGEN 3,5** 21-dag behandelingsiklus, toegedien word. Jy sal 4 siklusse ontvang (12 weke).

Wanneer **BOTIGEN 3,5** saam met talidomied en deksametasoon toegedien word, is die duur van die behandelingsiklus 28 dae (4 weke).

40 mg Deksametasoon word oraal toegedien op dag 1, 2, 3, 4, 8, 9, 10 en 11 van die **BOTIGEN 3,5**, 28-dag behandelingsiklus en talidomied word daagliks oraal toegedien teen 50 mg tot op dag 14 van die eerste siklus, en as die dosis verdra word, word die talidomieddosis verhoog tot 100 mg op dag 15-28 en mag dit voortaan verder verhoog word tot 200 mg daagliks vanaf die tweede siklus. Jy kan tot 6 siklusse ontvang (24 weke).

**Progressiewe mantelsellimfoom**

Wanneer slegs **BOTIGEN 3,5** toegedien word, sal jy 4 dosisse **BOTIGEN 3,5** intraveneus ontvang op dag 1, 4, 8 en 11, gevolg deur ‘n 10-dag ‘rusperiode’ sonder behandeling. Hierdie 21-dag periode (3 weke) is gelyk aan een behandelingsiklus. Jy kan tot 8 siklusse ontvang (24 weke).

**Vooraf-onbehandelde mantelsellimfoom**

As jy nie voorheen vir mantelsellimfoom behandel is nie, sal jy **BOTIGEN 3,5** intraveneus saam met die medisyne, rituksimab, siklofosfamied, doksorubisien en prednisoon ontvang. **BOTIGEN 3,5** word intraveneus op dag 1, 4, 8 en 11 toegedien, gevolg deur ‘n ‘rusperiode’ sonder behandeling. Die duur van ‘n behandelingsiklus is 21-dae (3 weke). Jy kan tot 8 siklusse ontvang (24 weke).

Die volgende medisyne word op dag 1 of elke **BOTIGEN 3,5** 21-dag behandelingsiklus as intraveneuse infusie toegedien:

Rituksimab teen 375 mg/m$^2$, siklofosfamied teen 750 mg/m$^2$ en doksorubisien teen 50 mg/m$^2$

Prednisoon word oraal toegedien teen 100 mg/m$^2$ op dag 1, 2, 3, 4 en 5 van die **BOTIGEN 3,5** behandelingsiklus

**As jy te veel BOTIGEN 3,5 ontvang het:**

Aangesien ’n gesondheidsorgverskaffer **BOTIGEN 3,5** sal toedien, sal hy/sy die dosis beheer. In geval van oordosering, sal jou dokter egter die oordosering bestuur.

**As jy ‘n dosis van BOTIGEN 3,5 oorgeslaan het:**

Aangesien ’n gesondheidsorgverskaffer **BOTIGEN 3,5** sal toedien, is dit onwaarskynlik dat die dosis oorgeslaan sal word.

## 4. MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE

BOTIGEN 3,5 kan newe-effekte hê.

Nie alle newe-effekte wat vir **BOTIGEN 3,5** aangemeld word, is in hierdie inligtingsblad ingesluit nie. Indien jou algemene gesondheid verswak of indien jy enige ongunstige effekte ondervind terwyl jy **BOTIGEN 3,5** ontvang, raadpleeg asseblief jou gesondheidsorgverskaffer vir advies.

Indien enige van die volgende simptome voorkom, hou op om **BOTIGEN 3,5** te ontvang en sê dadelik vir jou dokter of gaan na die noodgevalle-afdeling by jou naaste hospitaal:

- Swelling van jou hande, voete, enkels, gesig, lippe, mond of keel, wat probleme met sluk of asemhaling kan veroorsaak
- Afskilfering of blasievorming op die vel, mond, oë en geslagsdele
- Uitslag of gejeuk wat jou hele liggaam raak
- Floute

Hierdie is almal baie ernstige newe-effekte. Jy mag ’n ernstige allergiese reaksie teen **BOTIGEN 3,5** gehad het as jy dit het. Jy mag dringend mediese bystand of hospitalisasie benodig.

As **BOTIGEN 3,5** aan jou toegedien word, sê dadelik vir jou dokter of gaan na die noodvalle-afdeling by jou naaste hospitaal indien jy enige van die volgende opmerk:

- spierkrampe
- spierswakheid
- tintelende, brandende pyn en verlies aan gevoel in jou hande en voete, waarvan enige van hierdie ernstig kan wees
- verwarring
- visuele verlies of versteurings
- blindheid
- toevalle
- hoofpyn
- kortasemigheid
- swelling van jou voete of veranderinge in jou hartklop
- hoë of lae bloeddruk
- moegheid
- floute
- duiseligheid
- hyging, hoes en asemhalingsprobleme of benoudheid in die borskas
- drukking of pyn in die borskas
- geelverkleuring van die oë en vel (geelsug) en veranderinge in lewerensieme wat in bloedtoetse waargeneem word.

Hierdie is almal ernstige newe-effekte. Jy mag dringend mediese bystand nodig hê.

Behandeling met **BOTIGEN 3,5** kan dikwels ‘n afname in die aantal rooi- en witbloedselle en plaatjies in jou bloed veroorsaak. Jy moet daarom gereelde bloedtoetse vóór en tydens behandeling met **BOTIGEN 3,5** ondergaan om jou bloedseltelling te kontroleer.

Jy kan ‘n afname ervaar in die aantal:

- plaatjies, wat jou meer geneig sal maak vir kneusing of vir bloeding sonder enige duidelike besering (bv., bloeding van jou ingewande, maag, mond en tandvleise of bloeding in die brein of bloeding van die lewer)
- rooibloedselle, wat anemie kan veroorsaak met simptome soos moegheid en bleekheid
- witbloedselle wat kan veroorsaak dat jy meer geneig is om infeksie te kry of griepagtige simptome.

Die volgende newe-effekte is aangemeld; lig jou dokter in as jy enige van die volgende opmerk:

*Dikwels:*

- Herpes zoster-infeksie (insluitend verspreide infeksie).
- Longontsteking, brongitis, infeksie van die sinusholtes.
- Vermindering in die aantal rooibloedselle en/of witbloedselle (sien hierbo).
- Ontwatering en verlies aan eetlus.
- Veranderinge in kaliumvlakke in jou bloed, te veel suiker in jou bloed.
- Depressie wat ernstig kan wees, verwarring.
- Sukkel om te slaap, sweet, angstigheid.
- Sensitiwiteit, gevoelloosheid, tintelende of brandende sensasie van die vel of pyn in die hande of voete as gevolg van senuweeskade.
- Koors, bewerigheid, toevalle.
- Belemmerde visie, oogpyn
- Algemene onwel gevoel, duisligheid, lighoofdigheid of ‘n gevoel van swakheid.
- Skielike daling in die bloeddruk wanneer jy opstaan, wat kan lei tot floute, hoë bloeddruk, infeksie of swelling van ‘n aar of weefsel
- Borskaspyne of hoes met slym, kortasemigheid met oefening.

- Moeilike asemhaling, neusbloedings, hoes, loopneus
- Sooibrand, opgeblasenheid, breek winde op, winde of maagpyn, hik
- ‘n Seer mond of lip, droë mond, mondsere of keelpyn.
- Hardlywigheid, met of sonder opgebalsenheid (kan ernstig wees), buikpyn
- Mislike gevoel (naarheid) of braking, verlies aan eetlus.
- Diarree: indien dit gebeur, is dit belangrik dat jy meer water as gewoonlik sal drink. Jou dokter kan ‘n ander medisyne vir jou voorskryf om die diarree te beheer.
- Uitslag. Verskillende soorte uitslag en/of gejeuk, knoppe op die vel of droë vel.
- Spierpyn of swakheid, moegheid, hoofpyn.
- Spierkrampe, beenpyn, pyn in jou ledemate of rug.
- Nierprobleme en pynlike of moeilike urinering.
- Moegheid, koors, swakheid, griepagtige simptome, swelling, borskaspyn.
- Gewigsverlies, smaakverlies.
- Kortasemigheid sonder oefening.
- Oormoegheid (uitputting).
- Rooiheid van die vel of rooiheid en pyn by die inspuitplek.
- Infeksie van die heel buitenste laag van die oog en binneste oppervlak van die ooglede (konjunktivitis)

*Minder dikwels:*

- Algemene infeksie en infeksie van bv. longe, respiratoriese stelsel, nier en blaas, ingewande, mond, oë veroorsaak deur bakterieë of swamme.
- Lae bloedtellings van wit-en rooibloedselle en plaatjies.
- Geswelde en vergrote limfknope.
- Swelling van jou limfknope.

- Tumorlise-sindroom met simptome soos naarheid, braking, diarree, spierkrampe of -trekkings, swakheid, gevoelloosheid of tinteling, moegheid verminderde urinering.
- Allergiese reaksies.
- Hormoonabnormaliteite wat sout- en waterabsorpsie affekteer.
- Veranderinge in kalsium, natrium, magnesium, uriensuur, laer Vit $B_{12}$, en fosfate in jou bloed, te min suiker in jou bloed.
- Verlies aan aandag, rusteloosheid of agitasie, veranderinge in jou geestestoestand, gemoedsversteuring, slaapversteurings
- Verlamming, toevalle, migraine, rustelose bene, spraakversteuring
- Geïrriteerde oë, uitermatige nat of droë oë, afskeiding vanuit die oë, abnormale visie, ooginfeksie (insluitend herpes zoster), bloeding van die oog of sensitiwiteit vir lig.
- Skade aan die optiese senuwee en blindheid.
- Gehoorverlies, doofheid of suising in die ore.
- Hartkloppings (sensasie van vinnige of onreëlmatige hartklop), veranderinge in hartklop, hartversaking, hartaanval, borskaspyn, ongemak in die borskas of verlaagde vermoë van die werking van die hart.
- Blosing van die gesig, warm gloede of klein gebreekte bloedvaatjies.
- Inflammasie van die bloedvate wat as klein rooi of pers kolletjies (gewoonlik op die bene) tot kneusingagtige gedeeltes op die vel kan voorkom.
- Bloeding van jou ingewande of maag, bloederige stoelgange, bloeding in die brein, bloeding van die lewer of bloeding van slymvliesmembrane bv. die mond.
- Asemhaling word vlak, is moeilik of hou op, hyging, sukkel met asemhaling, asma, hoes wat skuimerige sputum voortbring wat gevlek kan wees met bloed of die ophoes van bloed.
- Geelverkleuring van die oë en vel (geelsug).

- Mondpyn, braking.
- Buikpyn.
- Swak ingewandsbeweging (insluitend blokkasies).
- Ernstige velreaksies, wat blase kan hê en die mond, keel, oë en geslagsdele aantas en wat lewensbedreigend kan wees (Stevens Johnson se sindroom en toksiese epidermale nekrolise).
- Nael- en velversteurings, soos haarverlies.
- Gewrig- of spierstyfheid, spierspasmas of trekkings, pyn in die kakebeen of jou agterstewe, gewrigspyn en swelling.
- Nierprobleme soos ‘n verhoogde of verlaagde produksie van urine (as gevolg van nierskade), pynlike passering van urine of bloed/proteïene in die urine.
- Omkeerbare Posterior Leuko-ensefalopatie-sindroom (RPLS), ‘n ernstige omkeerbare breintoestand wat toevalle, hoë bloeddruk, hoofpyn, moegheid, verwarring, blindheid of ander visuele probleme insluit.
- Progressiewe multifokale leuko-ensefalopatie, ‘n seldsame gewoonlik dodelike virale siektetoestand gekenmerk deur progressiewe skade of inflammasie van die witstof van die brein op veelvuldige plekke.
- Swak sirkulasie.
- Probleme met bloedstolling.
- Swelling van die voering rondom jou hart of vloeistof rondom jou hart.
- Serebrovaskulêre versteurings
- Artritis, insluitend swelling van die gewrigte in die vingers, tone en die kakebeen.
- Versteurings wat jou longe affekteer wat voorkom dat jou liggaam genoeg suurstof kry. Sommige van hierdie sluit moeilike asemhaling en kortasemigheid sonder oefening in sodat asemhaling vlak raak, moeilik raak of ophou, hyging.

- Ooraktiewe skildklier.
- Onvermoë om genoeg insulien te vervaardig of weerstand teen normale vlakke van insulien
- Infeksie of swelling van die mond, mondsere, esofagus, maag en ingewande, somtyds geassosieer met pyn of bloeding, swak dermbewegings (insluitend blokkasie), abdominale of esofageale ongemak, moeilike sluk, braking van bloed.
- Velinfeksie
- Tandinfeksie
- Swelling van die pankreas, blokkasie van die galbuis
- Pyn in geslagsdele, probleme om ‘n ereksie te verkry
- Gewigstoename
- Dors
- Inspuitplek- of inspuittoestel-verwante versteurings
- Kneusings, val en beserings
- Swelling of bloeding van die bloedvate wat as klein rooi of pers kolletjies (gewoonlik op die bene) tot groot kneusingagtige gedeeltes onder die vel of weefsel kan voorkom
- Goedaardige (nie-kankeragtige) siste
- Hartprobleme om hartaanval in te sluit, angina
- Blosing
- Verkleuring van die are
- Swelling van die spinale senuwee
- Probleme met jou oor, bloeding vanuit jou oor
- Onderaktiwiteit van jou skildklier
- Budd–Chiari-sindroom (die kliniese simptome word veroorsaak deur die blokkasie van die lewervate)

- Veranderinge in of abnormale dermfunksie
- Borsversteurings
- Vaginale skeure
- Swelling van die geslagsdele
- Onvermoë om alkoholgebruik te verdra
- Wegkwyning of verlies aan liggaamsmassa
- Verhoogde eetlus
- Fistels (abnormale verbinding tussen twee spasies)
- Gewrigseffusie
- Siste in die voering van gewrigte (sinoviale siste)
- Fraktuur
- Afbraak van spierweefsel wat tot ander komplikasies lei
- Kanker van die nier
- Psoriase-agtige veltoestand
- Kanker van die vel
- Verhoging van plaatjies of plasmaselle (‘n soort witsel) in die bloed
- Bloedklont in klein bloedvate (trombotiese mikro-angiopatie)
- Abnormale reaksie op bloedoortappings
- Afname in seksdrang
- Kwyl
- Uitpeul oë
- Vinnige asemhaling
- Rektale pyn
- Galstene
- Breuk

- Beserings
- Bros of swak naels
- Abnormale proteïenneerslae in jou lewensbelangrike organe
- Koma
- Intestinale swere
- Multi-orgaanversaking
- Sterfte

Indien **BOTIGEN 3,5** saam met die ander medisyne vir die behandeling van mantelsellimfoom toegedien word, word die newe-effekte wat jy mag ondervind hieronder gelys. Lig jou dokter in as jy enige van die volgende opmerk:

*Dikwelse newe-effekte:*

- Longontsteking
- Verlies aan eetlus
- Sensitiwiteit, gevoelloosheid, tinteling of branderige sensasie op die vel, of pyn in die hande of voete as gevolg van senuweebeskadiging
- Naarheid en braking
- Diarree
- Mondsere
- Hardlywigheid
- Spierpyn, beenpyn
- Haarverlies en abnormale haartekstuur
- Moegheid, voel swak
- Koors
- Gordelroos (gelokaliseerd insluitend rondom die oë of oor die liggaam versprei)

- Herpes virus-infeksie (Epstein-Barr-virusinfeksie)
- Bakteriële en virale infeksie
- Respiratoriese infeksie, brongitis, hoes met slym, griepagtige simptome
- Swaminfeksie
- Onvermoë om genoeg insulien te produseer of weerstand teen normale vlakke van insulien
- Vogretensie
- Sukkel om te slaap of probleme met slaap
- Verlies van bewussyn
- Gewysigde vlak van bewussyn, verwarring
- Voel duiselig
- Vinniger hartklop, hoë bloeddruk, sweet,
- Abnormale visie, belemmerde visie
- Hartversaking, hartaanval, borskaspyn, ongemak in borskas, verhoogde of verlaagde hartritme
- Hoë of lae bloeddruk
- Skielike daling van bloeddruk wanneer opgestaan word en wat kan lei tot floute
- Kortasemigheid met oefening
- Hoes
- Hik
- Suising in die ore, oorongemak
- Bloeding vanaf jou ingewande of maag
- Sooibrand
- Maagpyn, opgeblasenheid
- Moeilike sluk

- Infeksie of inflammasie van die maag en ingewande
- Maagpyn
- Seer mond of lip, keelpyn
- Wysiging van lewerfunksie
- Jeukerige vel
- Rooiheid van die vel
- Uitslag
- Spierspasma
- Infeksie van die urienweg
- Pyn in die ledemate
- Swelling van die liggaam, insluitend oë en ander dele van die liggaam
- Bewerigheid
- Rooiheid en pyn by die inspuitplek
- Algemene onwel gevoel
- Gewigsverlies
- Gewigstoename

*Minder dikwelse newe-effekte:*

- Hepatitis (swelling van die lewer)
- Ernstige allergiese reaksie
- Bewegingsversteurings, verlamming, trekkings
- Vertigo
- Gehoorverlies, doofheid
- Versteurings wat jou longe affekteer wat voorkom dat jou liggaam voldoende suurstof ontvang. Sommige van hierdie sluit moeilike asemhaling en kortasemigheid sonder oefening in sodat asemhaling vlak raak, moeilik raak of ophou, hyging.

- Bloedklonte in jou longe
- Geelverkleuring van die oë en vel (geelsug)
- Knop in die ooglid (chalasion), rooi en geswelde ooglede
- Bloedklont in klein bloedvate (trombotiese mikro-angiopatie)
- Inflammasie (swelling) van die beskermende membrane wat die brein en spinaalkoord beskerm (meningitis)
- Jeukerigheid, branderigheid of teerheid in die genitale area (genitale virus)
- Inflammasie van die mangels
- Pyn in 'n senuweebaan (neuralgie)

Indien jy enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie inligtingsblad gelys word nie, lig asseblief jou dokter of apteker daarvan in.

**Aanmelding van newe-effekte**

Praat met jou dokter of apteker of verpleegkundige as jy newe-effekte ondervind. Jy kan ook newe-effekte by SAHPRA aanmeld *via* die "6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form", wat aanlyn beskikbaar is onder SAHPRA se publikasies:

https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8

Deur newe-effekte aan te meld, kan jy meer inligting oor die veiligheid van **BOTIGEN 3,5** verskaf.

## 5. HOE OM BOTIGEN 3,5 TE BEWAAR

**BOTIGEN 3,5** sal in die apteek bewaar word.

Bewaar alle medisyne buite die bereik van kinders.

Moenie hierdie medisyne ná die vervaldatum soos op die flessie en karton aangedui, gebruik nie.

Vóór hersamestelling:

Bewaar by of onder 25 °C.

Hou die flessie in die buitenste karton om dit teen lig te beskerm.

Hersaamgestelde oplossings:

Die hersaamgestelde oplossing moet onmiddellik ná voorbereiding gebruik word. Indien die hersaamgestelde oplossing nie onmiddellik gebruik word nie, is in-gebruiksbewaringstye en toestande voor gebruik, die verantwoordelikheid van die gebruiker. Die hersaamgestelde oplossing is egter stabiel vir 8 uur teen 25 °C as dit bewaar word in die oorspronklike flessie en/of ‘n spuit, met ‘n totale bewaringstyd vir die hersaamgestelde medisyne om nie 8 uur voor toediening te oorskry nie. **BOTIGEN 3,5** is slegs vir enkelgebruik. Gooi enige ongebruikte gedeelte weg volgens huidige vereistes.

## 6. INHOUD VAN DIE VERPAKKING EN ANDER INLIGTING

### Wat BOTIGEN bevat

Die aktiewe bestanddeel is: bortesomib

Elke flessie bevat 3,5 mg bortesomib (as ‘n mannitol-boroniese ester).

Ná hersamestelling, bevat elke 1 mL oplossing vir subkutane inspuiting 2,5 mg bortesomib.

Ná hersamestelling, bevat elke 1 mL oplossing vir intraveneuse inspuiting 1 mg bortesomib.

Die ander bestanddele is: mannitol (35 mg per flessie)

### Hoe BOTIGEN 3,5 lyk en inhoud van die verpakking

**BOTIGEN 3,5** word voorsien as ‘n wit tot naaswit gevriesdroogde koekie of poeier in ‘n 10 ml Tipe-1 buisvormige kleurlose glasflessie met ‘n grys bromobutiel-rubberprop, verseël met ‘n liggroen aftrekbare aluminiumseël.

Die flessie word verpak in ‘n deurskynende stulpverpakking bestaande uit ‘n bakkie met ‘n deksel. Elke pakkie bevat 1 flessie vir enkelgebruik.

**Houer van die registrasiesertifikaat**

Ranbaxy Pharmaceuticals (Pty) Ltd

Lautreweg 14,

Stormill, Uitbreiding 1, Roodepoort, 1724

Suid-Afrika

Posbus 43486

Industria, 2042

Hierdie inligtingsblad was laas hersien op

27 Januarie 2025

**Registrasienommer**

51/26/0163